**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 05 MEI 2025 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker *(Ex-officio)* |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van MPAC *(Ex-officio)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Adv. L Roos | : | Waarnemende Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. M Crous | : | Waarnemende Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D Carolissen | : | Waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. RC Gerber | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**BKN001/05/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna Raadsheer Du Plooy die vergadering open met gebed.

***

**BKN002/05/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Korporatiewe Dienste – gesinsverantwoordelikheidsverlof
Direkteur Finansiële Dienste - siekverlof
Direkteur Gemeenskapsdienste – vakansieverlof

***

**BKN003/05/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Geen

***

**BKN004/05/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN005/05/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN006/05/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/05/2025**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/05/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Geen

***

**BKN009/05/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/05/2025**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/05/2025**
**PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING**
**5/1/1**

Geen

***

**BKN012/05/2025**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN013/05/2025**
**NOORDHOEK EN VELDDRIF**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Hy versoek Raadsheer Wessels om terugvoering te gee oor die onluste in Noordhoek/Velddrif;
- Hy spreek sy misnoë uit oor die toestand van Noordhoek;
- Hy spreek sy kommer uit oor die oorlaaistasie in Velddrif, dat daar nie meer ruimte is nie en ook geen beheer; en
- Hy spreek sy misnoeë uit dat Wyk 1, Porterville nog lyk soos dit gelyk het die dag toe dit gereën het, dat daar nog hope sand op die sypaadjies lê en die slote nog vuil is. Hy bedank Raadsheer Wessels vir sy leiding met die JOC. Raadsheer Wessels het 'n groot rol gespeel in samewerking met die amptenare met die organisering van die JOC.

Raadsheer Wessels doen die volgende mededelings:

- Hy lig die Komitee in oor die onluste wat in Velddrif/Noordhoek op Dinsdag 29 April 2025 plaasgevind het. Die publieke vergadering sou die aand om 19:00 in Noordhoek plaasvind. Intelligensie het gewaarsku dat 'n groep mense na die gemeenskapsaal beweeg en dat die vergadering moontlik

ontwrig sou word. Daar was onsekerheid oor die redes vir die groepering en uit veiligheidsoorwegings is die vergadering deur die Speaker gekanselleer om die veiligheid van die Raadslede, amptenare en gemeenskap te verseker.

- Voorts meld hy dat deur die loop van daardie nag het dieselfde groep mense erwe begin afbaken op grond buite Blikkiesdorp. Omdat daar 'n finale interdik teen onwettige grondbesetting is, is SAPS, POPS, en Wetstoepassing ontbied. Hulle het opgetree deur pale en 'n onwettige struktuur te verwyder. Inligting het aan die lig gekom dat sekere gemeenskapslede die optrede aangehits het asook gerugte dat die Onderburgemeester tydens 'n GOP-vergadering in 2024 grond en/of huise aan mense belowe het.
- Hy bedank die Direkteur Tegniese Dienste (in sy hoedanigheid as waarnemende Munisipale Bestuurder) en die Hoof: Behuisingsadministrasie (in haar hoedanigheid as waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste) vir die aktivering en bestuur van die Munisipale JOC op Vrydag 02 Mei 2025. Hy meld dat hulle aksies bygedra het tot vreedsame oplossings ten opsigte van die onwettighede wat plaasgevind het.
- Hy meld dat opdragte om pale en 'n onwettige struktuur te verwyder/af te breek, deur personeel van Piketberg en Porterville geweier is, maar dat hy begrip het vir die moeilike situasie waarin personeel geplaas was. Dat dit dalk onbillik was om hulle in so 'n situasie te plaas. Voorts meld hy dat op die dag wat verwydering moes plaasvind was daar 'n mannekrag probleem en versoek hy dat uitklaring verkry word oor die hantering van sulke situasies in die toekoms indien daar nie van personeel gebruik gemaak word om pale en/of onwettige strukture te verwyder/af te breek nie.

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling</u>:

Dat die weiering van opdragte om pale en/of onwettige strukture te verwyder/af te breek, sowel as moontlike oplossings vir die hantering van sulke situasies in die toekoms, oorgedra en bespreek is tydens die Informele Direksievergadering gehou op Maandag 05 Mei 2025.

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings</u>:

- Dat hy 'n probleem het dat amptenare nie in die spervuur wil wees nie maar verwag dat raadslede in die spervuur moet wees;
- Hy versoek duidelikheid oor wie leiding moet neem gedurende tye van oproer/onluste; en
- Hy versoek 'n ernstige gesprek oor die veiligheid van raadslede.

<u>Die Voorsitter doen die volgende mededelings</u>:

- Hy versoek vir gesprekvoering rakende die veiligheid van raadslede;
- Hy doen navraag oor wie die verantwoordelike persoon in die administrasie is vir die opvolg van die risikobepaling van September 2024 wat nog nie van die SAPD ontvang is nie; en
- Hy gee kortliks terugvoer rakende die versoek deur 'n spesifieke groep van die publiek vir 'n vergadering op Dinsdag 06 Mei 2025. Dat die vergadering sal voortgaan op die voorwaardes soos deur POPS aanbeveel. Dat dit nie nodig is vir die administrasie om die vergadering by te woon nie, maar dat dit raadsaam sou wees dat iemand van die administrasie die verrigtinge notuleer.

Raadsheer Du Plooy doen die volgende mededelings:

- Hy stel voor dat die vergadering opgeneem word en dat enige antwoorde/terugvoer skriftelik verskaf word sodat alles op rekord is; en
- Hy komplimenteer verkeersdienste, brandweerdienste, wetstoepassing en eksterne rolspelers soos die buurtwagte vir hul harde werk en bydraes.

Raadsheer Daniels doen die volgende mededelings:

- Hy spreek sy kommer uit oor die munisipaliteit se reaktiewe benadering tot sekere situasies; en
- Dat daar ‘n leemte is ten opsigte van die huidige JOC met betrekking tot die hantering van situasies wat anders is as rampe, byvoorbeeld vloede, brande, storms ensovoorts. Hy stel voor dat die JOC na ‘n volgende vlak geneem word.

Raadsheer De Vries doen die volgende mededelings:

- Dat die munisipaliteit mense moet hê wat weet hoe om konflik situasies en oproerendheid te hanteer, maar die JOC hoef nie uit daardie mense te bestaan nie. Daar is logistieke ondersteuning wat deel van die proses behoort te wees, asook na die tyd aktiwiteite wat moet voortgaan om weer normalisering te skep. Kommuniksasie is altyd krities belangrik en dan die algemene publiek is, in sy opinie, die mense wat die ergste geraak kan word deur so ’n situasie en die konflik waar uit daardie situasie ontwikkel; en
- Dat as ons van ’n JOC praat, praat ons van ’n proses wat verskillende elemente het, verskillende rolspelers. Kommunikasie is belangrik, betrokkenheid is belangrik. Al die mense hoef nie op een plek te wees nie, maar dit is van kritiese belang dat “backup” sisteme in plek is as deel van daardie prosesse. Dat elkeen moet weet watter rol hulle speel, wanneer hulle dit speel en hoe word situasies na die tyd hanteer, wat dikwels ontwikkel en nog ’n groter probleem kan raak.

**Bespreking oor Wyk 1, Porterville en Wyk 6, Noordhoek**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

Wyk 1:

- Dat klippe, modder en sand nog in die strate lê, die tennisbane se omheining lê plat en in sommige areas is hoë hope modder uitgeskep en op die sypaadjies neergesit; en

Wyk 6:

- Dat gedeeltes van Noordhoek onnet is, die teerpad is morsig van sand, daar is potgate in ’n paar strate wat nooit reggemaak is nie, daar gedeeltes is waar ons weinig uitkom, daar is penbare ruimtes waar die gras hoog is. Hy versoek dat dringende aandag gegee word daaraan.

Raadsheer Daniels doen die volgende mededelings:

- Dat daar met die boere in omliggende area gepraat moet word rakende die skoonmaak van hul slote aangesien die slote deur die woongebied loop.

Die Speaker doen navraag oor die Combicourt wat nog nie reg is na die windstorms van 2024 nie, waarna die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste kortliks terugvoering gee. Hy meld dat die eis wat ingedien is vir die Tennisbaan afgekeer is deur die versekeringsmaatskappy, dat

daar op tender uitgegaan is vir die regmaak van die heining, dat daar nie fondse op die huidige begroting is om die tender toe te ken nie maar die tender is geldig vir een honderd en twintig (120) dae, derhalwe kan toekenning geskied in die eerste week van Julie 2025.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat sy reeds versoek het vir ’n opruimingsplan vir Wyk 1;
- Dat die terugvoering uit die Informele Direksievergadering van Maandag 05 Mei 2025 was dat vyftien (15) vragte sand reeds uit die tennisbane gery is. Dat die heining nie reg gemaak kan word totdat die area nie skoongemaak is nie;
- Sy spreek haar kommer uit oor die uitlating dat daar geen beheer is by die oorlaaistasie nie en versoek die Direkteur Tegniese Dienste om ondersoek in te stel; ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***
- Sy spreek haar kommer uit oor die potgate in Heidesingel, Noordhoek en versoek dat aandag daaraan gegee word; ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***
- Dat daar geen rede is dat openbare ruimtes lang gras moet hê nie en versoek die waarnemende Direkteur Gemeenskapsdienste om aandag te gee daaraan; en ***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***
- Sy stel voor dat personeel uit Piketberg, Aurora en Eendekuil gebruik word om te gaan help in die ander dorpe.

Die Direkteur Tegniese Dienste doen die volgende mededeling:

Dat uitvoering gegee sal word aan die Uitvoerende Burgemeester se versoek dat behoorlike aandag gegee word aan spesifiek Noordhoek en Porterville teen Vrydag 02 Mei 2025.

**BESLUIT**

1. Dat die Publieke Vergaderings in Noordhoek en Velddrif voortgaan op Woensdag 07 Mei 2025 en Donderdag 08 Mei 2025 om 19:00;
2. Dat die vergadering op Dinsdag 06 Mei 2025 voortgaan op die voorwaardes soos deur POPS aanbeveel;
3. Dat die Munisipale Bestuurder met die Provinsiale Kommisaris opvolg oor die uitstaande risikobepaling van September 2024; ***MUNISIPALE BESTUURDER***
4. Dat dringende aandag gegee word aan die areas soos uitgewys deur die Uitvoerende Burgemeester; ***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE EN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***
5. Dat ’n opruimingsplan vir Porterville dringend aan die Munisipale Bestuurder voorsien word; en
6. Dat uitklaring verkry word rakende die huurkontrak met die tennisbane, met spesifieke verwysing na wie die einaar is.

***

**BKN014/05/2025**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN015/05/2025**
**MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN016/05/2025**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN017/05/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN018/05/2025**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN019/05/2025**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 15:30***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

__________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***